SOUTH AFRICA / JUDGMENT

# S v Thomas en Ander (SS12/2010) [2011] ZAWCHC 534 (30 November 2011)

[2011] ZAWCHC 534

COURT
Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE
Fortuin R

CASE / FILE NUMBER
SS12/2010

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOE HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER: SS12/2010

DATUM: 30 NOVEMBER 2011

In die saak tussen:

DIE STAAT

en

GEORGE THOMAS

Beskuldigde 1

JASON STYNDER

Beskuldigde 2

FRED WILLIAMS

Beskuldigde 3

PETER MCNIEL

Beskuldigde 4

DERRICK CLAASEN

Beskuldigde 5

GIOVANNI KANNEMEYER

Beskuldigde 6

ALFONSO VAN HEERDEN

Beskuldigde 7

HERMAN WAKEFIELD

Beskuldigde 8

MOGAMMAT STEMMET

Beskuldigde 9

JEROME KARLMEYER

Beskuldigde 10

ASHLEY APPOLLIS

Beskuldigde 11

KENNETH LAVITA

Beskuldigde 12

HOWARD JANSEN

Beskuldigde 13

RONALD SWARTS

Beskuldigde 14

GREGORY MEYER

Beskuldigde 15

ASHRAF RYKLIEF

Beskuldigde 16

RODNEY JOUBERT

Beskuldigde 17

ASHWIN CHARLES

Beskuldigde 18

REYAAZ DENNIS

Beskuldigde 19

UITSPRAAK

(Aansoek in terme van artikel 153 en 154 en 74)

FORTUIN, R

Lasgewinge vir in camera verhore behoort nie ligtelik gegee te word nie. Die ope hof beginsel, wat vervat word in artikel 36(3)(c) van die Grondwet, moet nie sonder meriete ongedaan gemaak word nie. Dit is egter 'n feit dat 'n lasgewing wat die effek sal he dat Staggie se identiteit openbaar mag word, 'n streep sal trek deur die Hof se vroeere bevele dat Staggie en sy vrou se identiteit beskerm moet word.

Na aanhoor van betoe blyk dit dat daar 'n markties uitvoerbare wyse is om die twee vorige getuies se identiteite te beskerm en terselfdertyd

die grondwetlike beginsel tot die reg tot 'n ope hof te handhaaf. Gevolglik maak ek die volgende bevel:

1. Die aansoek van die Staat in terme van artikel 153 van die Strafproseswet WORD VAN DIE HAND GEWYS. Die getuienis van Cockrell sal in 'n ope hof aangehoor word. Getuie Cockrell sowel as enige ander hofamptenaar word verbied om die identiteit van die vorige twee getuies op enige wyse te openbaar, asook enige besonderhede van die getuiebeskermingsprogram. Enige nie-nakoming van hierdie bevel deur enige amptenaar sal neerkom op minagting van die Hof met gepaardgaande gevolge.
2. In terme van artikel 154 van die Strafproseswet mag geen informasie rakende die identiteit van die twee vorige getuies of besonderhede van die getuiebeskermingsprogram gepubliseer word nie.
3. In terme van artikel 174(3) van Wet 21 van 1998, sal enige persoon wie enige informasie in stryd met hierdie bevel bekend maak, skuldig wees aan 'n misdryf.

## Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2011/534.html

CASE PAGE https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-thomas-unknown-topic-awchc-2011

Prepared on 8 October 2026 · Esheria